**No. 2175** **7 Oktober 1983**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE HISTORIESE STEENBERG-PLAASWERF, MET INBEGRIP VAN DIE HOOFOPSTAL EN BUITEGEBOUE, GELEË OP ERF 3663, CONSTANTIA, KAAPSTAD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese Steenberg-plaaswerf, met inbegrip van die hoofopstal en buitegeboue, soos hieronder beskryf, geleë op Erf 3663, Constantia, Kaapstad, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die Steenberg-plaaswerf, met inbegrip van die hoofopstal en buitegeboue daarop, soos volg beskryf: Die figuur A, B, C, D, E, F, G, H, J, K, A stel 2,8875 hektaar grond voor, synde 'n proklamasieterrein oor Erf 3663, Constantia, in die plaaslike gebied Constantia, Kaapse Afdeling, provinsie die Kaap die Goeie Hoop, soos aangedui op Landmeterskaart LG A2376/82, gedateer 27 Julie 1982 en geliasseer in die Kantoor van die Landmeter-generaal in Kaapstad en op Leêr 2/K/C-T/66 in die Kantoor van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede in Kaapstad.

Transportakte 27885/1976, gedateer 8 September 1976.

*Historiese en argitektoniese belang*

Steenberg (voorheen Zwaanswyk), wat in 1688 aan Catharina Ustings toegeken is, was een van die eerste plase in dié omgewing. Die Kaaps-Hollandse opstal is in ongeveer 1740 opgerig. Die veranda en buitegeboue dateer uit die begin van die negentiende eeu. 10/2/1034.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

**No. 2175** **7 October 1983**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE HISTORIC STEENBERG FARMSTEAD, INCLUSIVE OF THE MAIN HOUSE AND OUTBUILDINGS, SITUATE ON ERF 3663, CONSTANTIA, CAPE TOWN

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the historic Steenberg farmstead, inclusive of the main house and outbuildings, as described below, situated on Erf 3663, Constantia, Cape Town, to be a national monument.

*Description*

The property with the Steenberg farmstead, inclusive of the main house and outbuildings, thereon, described as follows: The figure A, B, C, D, E, F, G, H, J, K, A represents 2,8875 hectares of land, being a proclamation site over Erf 3663, Constantia, in the Local Area of Constantia, Cape Division, Province of the Cape of Good Hope, as indicated on Surveyor's Diagram LG A2376/82, dated 27 July 1982 and filed in the Office of the Surveyor-General in Cape Town and in File 2/K/C-T/66 in the Office of the National Monuments Council in Cape Town.

Deed of Transfer 27885/1976, dated 8 September 1976.

*Historical and architectural interest*

Steenberg (previously Zwaanswyk), which was granted to Catharina Ustings in 1688 was one of the first farms in the region. The Cape Dutch homestead was erected in about 1740. The verandah and outbuildings date from the beginning of the nineteenth century. 10/2/1034.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.